

# RSG

## RADIOTEATER

(vir terugvoer vanaf publiek oor hierdie radioteater, rol af na volgende bladsy)

### ALTYD

— Anton Krueger —

Opnamedatum : November 2013  
Uitsaaidatum : 26 Desember 2013  
Regie : Eben Cruywagen

Kontakadres vir opvoerrechte/kopiereg:

[mnrkrueger@gmail.com](mailto:mnrkrueger@gmail.com)  
0823243048

Dr. A.R. Krueger  
Dept Drama  
Universiteit van Rhodes  
Posbus 92  
6140 Grahamstad

## TERUGVOER VAN PUBLIEK NA UITSENDING VAN

### RADIODRAMA "Altyd"

2013/11/21 10:17:55 PM	33	Ag dankie vi radioteater. Dit was n fantasties keuse om di seisoen af te skop. Die rolverdeling het my so deel laat voel van die spel. Dankie. Jaco van B
2013/11/21 09:16:18 PM	49	Annette van Nigel.
2013/11/21 09:16:14 PM	50	aar koop. Dankie vir die puik lewensdrama. Dankie dat ek nou weer krag het om more weer haar te gaan besoek en die eie seer sal kan wegsteek. Dankie RSG.
2013/11/21 09:16:10 PM	51	ak is ook al aangetas, maar sy onthou van die sykouse. Ekt vandag di tehuis aangese om elkedag vir haar sykouse aan te trek, al moet ek elkedag 'n nuwe p
2013/11/21 09:16:06 PM	52	e sien verander maar tog iewers skuil die moeder nog al is dit net met 'Netta ek moet sykouse aantrek, waar is my sykouse'. Sy kani meer loop en die spra
2013/11/21 09:16:02 PM	53	fgeling. Ek kon nooit die 'eks bang, ek wil ni alleen wees ni' verstaan. Nou verstaan ek en ek sal meer deernis he. Dis hel om jou ouer so voor jou oe t
2013/11/21 09:15:58 PM	54	Dankie die trane loop nou. Die drama was puik, ek was heeldag besig met my mammie wat al ver gevorderde Alzheimers het. Sys oorgeskuif na di Alzheimer a
2013/11/21 09:15:40 PM	55	Is self 78. Het n traan weg gegee. Baie dankie. Ongelooflik.
2013/11/21 09:13:44 PM	66	Weereens 'n puik produksie! Wie wil nou TV kyk as hulle Radioteater kan luister? Mal oor die stemme- pas uitstekend! Dankie, Pieter, Westdene, Jhb
2013/11/21 09:07:40 PM	67	Ons het lekker geluister. Ek is baie bang om oud te word wie sal na my kyk, oue tehuse is so duur!
2013/11/21 09:07:10 PM	68	Bja moi uitstekend moi. Andre gerber:)
2013/11/21 09:07:08 PM	69	Radio teater aandoenlik.
2013/11/21 09:05:11 PM	70	Hartroerende verhaal spelers uit die boonste rakke fantastiese luister genot Ouma Mart
2013/11/21 09:04:11 PM	71	Sjoe RSG DIT HET AAN MY HART GERAAK! BRILJANT ! EK IS 78 EN WAS OP DIE VOORBLAD VAN DIE LAND STEM VIR DIE JOOL.HET DIT DAREM OORLEEF MAXI KZN
2013/11/21 09:04:05 PM	72	Altyd! Ongelooflik treffend vir my as 54 jarige met 82 jarige moeder vir wie ek alleen sorg in my huisie. Dankie rsg drama vir verskeidenheid wat in die seisoen aangebied sal word. Groete. Lynn v a
2013/11/21 09:03:46 PM	73	My man is 6 weke gelede oorlede. My kinders is lief vir my,maar hierdie storie ruk my na die werklikheid. Aftree-oord toe. Ek is 70!
2013/11/21 09:03:32 PM	74	Absolutely wonderful wonderful!!!! Margaret de Waal Grotto Bay West Coast
2013/11/21 09:03:31 PM	75	Ai, hoe mooi. Dankie. Met die Botha s. Dis pragtig.

2013/11/21 09:03:29 PM	76	Baie danki vir die hartroerende verhaal en vertolking deur room van die oes van deelnemers Jeanet P E
2013/11/21 09:03:24 PM	77	Puik, so geniet. Self in aftreeoord. Chrissie
2013/11/21 09:03:13 PM	78	Pragtig! By die ouetehuse is die lag so naby die traan. Het juis gehoor vandag dat een van die tan vir wie ek baie lief was, oorlede is. Anoniem Kzn
2013/11/21 09:03:12 PM	79	Pragtig storie hartseer het dit geniet
2013/11/21 09:03:04 PM	81	Radiodrama was briljant! Meesterlik! Soveel herinneringe aan my Alzheimer ma wat op 95 oorlede i
2013/11/21 09:02:35 PM	82	Uitstekende hoorbeeld van Altyd! Besoek self tehuise en sien oues se eensaamheid. R. Kriel PE.
2013/11/21 09:02:15 PM	83	Wat n pragtige storie. Die ak teurs was puik. Baie danki. Lida
2013/11/21 09:01:38 PM	84	Fantastiese drama! So roerend en uitstekende spel en teks.Dankie RSG! Amanda Strydom.
2013/11/21 09:01:36 PM	85	Radio drama was Absoluut hartverskeurend fantasties!!!! Vredeman.
2013/11/21 09:01:30 PM	86	Dis te veel hartseer:'( Anoniem. Germiston.
2013/11/21 09:01:14 PM	87	Uitstekende storie. So waar met briljante spel. Baie geniet. Susan
2013/11/21 09:01:06 PM	88	Baie dankie vir Altyd. Dit was baie baie mooi. Liefde. Babsie Louw.
2013/11/21 09:00:51 PM	89	Ek het my oe uitgehuil, mar ek het die drama geniet, baie dankie!
2013/11/21 09:00:23 PM	90	Dankie dit was kosbaar, nog asb. Ria
2013/11/21 09:00:09 PM	91	Wat n pragtige storie. Dit was heerlik om na die oumensies se stories te luister. Bettie Reid. Bloemfontein
2013/11/21 09:00:04 PM	92	Ek het die Drama deur Anton Krige baie geniet. Die einde was heel verrassend. Die musiek as agtergrond het goed gepas. Alet Erasmus.
2013/11/21 09:00:03 PM	93	Baie goeie toneelstuk, baie lewenseg .....mooi om die voels in die agtergrond te hoor. Baie dankie.
2013/11/21 08:59:12 PM	94	Die storie het my lat trig dink aan springbok radio se dae.baie mooi.David
2013/11/21 08:58:37 PM	95	Ja dit kon so waar gewees het . So vele keer vergeet die kinders daar is n ouer in n tehuis. Ja en di vergeet kom so gou. Dankie. Ek geniet die storie. Ellen
2013/11/21	96	erlik. Baie dankie. Marita

08:57:42 PM		
2013/11/21 08:57:32 PM	97	Ag nee man julle, julle het my nou al die hele tyd aan die tjank - gelukkig is ek alleen dat niemand my kan lag nie! Hartjie maar klein. Dis onverbet
2013/11/21 08:56:40 PM	98	Hi♦rdie verhaal ruk ons harte. Asseblief meer van Mnr. Kruger se werk? Dit was werklik insiggewend. Baie dankie. Annette en Hardie.
2013/11/21 08:54:49 PM	99	Dit was fantasties so waar dat mense so eenkant ges tont word
2013/11/21 08:54:00 PM	100	Wat n pragtige storie. Ek is ook op die ouderdom van begin vergeet maar ek geniet dit. Leoni

2013/11/21 08:53:50 PM	101	Sidney Erlank hier. Net een woord, briljant. Dit wys net, maak dinge reg voor dit te laat is. As ek maar net is die verkeerdste sin dink ek.
2013/11/21 08:53:18 PM	102	Baie mooi. Hartseer om te weet dit gaan so in die lewe in oues se dae. Baie herinneringe. Spel uitstekend.
2013/11/21 08:53:08 PM	103	Dis uit die beste ek huil groot trane man 55jaar oud maak seer
2013/11/21 08:46:54 PM	104	DIT IS N PRAGTIGE STORIE ANDRE
2013/11/21 08:43:51 PM	105	Ai rsg ek geniet hierdie radio teater se storie van die ou mense geweldig ek is self 72 en werk nog priscilla van potchefstroom
2013/11/21 08:43:30 PM	106	Diep, baie diep menslike verhaal. Puik spelers, puik regie. The Old Folks van Jacques Brel ( alive and well and living in Paris) sluit mooi aan by die verhaal. Johan Polokwane
2013/11/21 08:41:36 PM	107	DIS DIE SIMPELSTE STORIE WAT EK NOG GELUISTER HET.TWAK
2013/11/21 08:40:51 PM	108	Goeie naand ek is jammer maar dis die swakste drama wat rsg nog uit gesaai het ek gee net my eerlike mening.van Anton- Wilhelm Adshade uit Worcester
2013/11/21 08:33:05 PM	109	Radio teater. Ag nee hel, te swarmoedig na n dag se werk. Peet
2013/11/21 08:29:13 PM	110	Pragtigege drama .Lorraine hoort nie daar nie sy het geen sakteid nie. Hentie van Stilbaai
2013/11/21 08:29:12 PM	111	Uitstekend!!!!!!!!!!
2013/11/21 08:22:42 PM	112	Hi Fritz, kannie beter@die musk pas so mooi. Dit klink na Johan@ Lida Botha se stemme. Wel ek geniet die Radio Theater. Magda. L. Strand

## **ROLVERDELING:**

1. ADELBERT VISSER (74 – op sy dag was hy 'n pronkerige kêrel, en met vrouens is hy nog steeds sjarmant, maar hy staan nou aan die begin van demensie, en begin om dinge te vergeet)
2. JOHANNES JACOBUS (J.J.) PRINSLOO (68 – grof, 'n afgetrede boer)
3. GYSIE VERMAAK (92 jaar oud – in 'n rolstoel en amper heeltemal blind)
4. LORRAINE DE BRUYN (58 – passiewe/aggressief bestuurder van die ouetehuis)
5. MADELÉ (24 – 'n jong fotograaf)

"OLD FOLKS" (JACQUES BREL, GESING DEUR JEAN DELL)

"The old folks don't talk much  
And they talk so slowly when they do  
They are rich, they are poor, their illusions are gone  
They share one heart for two"

KRUISDOOF MET DIE GETIK VAN 'N HORLOSIE. 'N ELEKTRONIESE

STEM MET 'N AMERIKAANSE AKSENT SÊ "THE TIME IS 7... .. AM."

KLOP AAN DEUR EFFE WEG.

1. ADELBERT : Hallo? Wie's daar?

DEUR OOP

2. JJ : [EFFE WEG] Jis, slaap jy nog, ou kêrel?

3. ADELBERT : Ekskuus?

4. JJ : [DOOF TOT OP MIK] Kom jy brekfis? Almal wag vir jou.

5. ADELBERT : Man, ek weet nie wat ek met my pyp gemaak het nie.

6. JJ : Bertie? [LAG] Dis al jare dat jy nie meer rook nie.

7. ADELBERT : [POUSE] O... Wat 'n verligting, ek hoef nie weer op te hou nie.

8. JJ : Ou man, jy raak elke dag meer stupid.

9. GYSIE : [EFFE WEG] Wat gaan aan?

10. JJ : Adelbert het vergeet hy't opgehou rook! Kan jy dit nou oorvertel?

GYSIE SE ROLSTOEL ROL NADER

11. GYSIE : [NADER] Is jy orraait, Adelbert?

12. ADELBERT: Ja, ja, Tannie Gysie... Net bietjie vasgehaak, is al.

13. GYSIE : Ai.

1. ADELBERT : Moenie vir Lorraine sê nie, asseblief. Ek wil nie nou al in Hoë sorg beland nie.
2. GYSIE : Nee wat, Bertie, Lorraine hoef niks hiervan te weet nie.
3. JJ : Moenie jousef daaroor opwerk nie. Jy sal in elk geval vinnig vergeet dat jy vergeet het.
4. GYSIE : [LAG] O my jinne.
5. ADELBERT : Ek weet nie wat my oorkom nie. Party dae loop alles vlot. Ander dae vergeet ek wat iemand nou-net gesê het. Ek voel partykeer so hulpeloos.
6. GYSIE : Hulpeloos? Nee wat, jy's dan so 'n ou charmer. Sê jou wat – hoekom sit jy nie vir ons 'n lekker plaat op nie? Dit sal ons kalmeer.
7. ADELBERT : Oukey, ja, hoekom nie?
8. JJ : [FLUISTERTOON] As jy nog kan onthou hoe die platespeler werk.  
ADELBERT MAAK SY BEDKASSIE OOP EN HAAL 'N PLAAT UIT.
9. GYSIE : Jy't so 'n oulike versameling. Wat gaan jy vir ons speel?
10. ADELBERT : Dis die Springbok reeks dié.
11. JJ : Genugtig, kyk daardie juffie oppie omslag!
12. GYSIE : Ag, JJ, jy't ook altyd net een ding op die brein.
13. JJ : Maar kyk wie is dit! Ek herken daardie gesig.
14. ADELBERT : Jy weet nie waarvan jy praat nie.  
ADELBERT SIT DIE PLAAT OP DIE SPELER, DIS "YOU'LL NEVER FIND ANOTHER LOVE LIKE MINE" DEUR LOU RAWLS, VAN SPRINGBOK 31.
15. JJ : Aitsa.
16. GYSIE : Te lekker.

1. GYSIE : Hulle het geweet hoe om musiek te maak daardie jare.
2. JJ : Kyk, selfs Adelbert kan nie help om sy skouers op die ritme te beweeg nie.
3. ADELBERT : Is nie!
4. LORRAINE : [EFFE WEG] Môme, môme. Wat gaan hier aan?
5. ADELBERT : [SKRIK] Môme, Lorraine.

MUSIEK SAGTER, MAAR SPEEL NOG IN AGTERGROND

6. GYSIE : Net so bietjie musiek, kom luister saam.
7. LORRAINE : [NEERBUIGEND] Ai tog. Hier sit julle almal te lekker, terwyl julle ontbyt staan en koud word.
8. ADELBERT: Jammer, Lorraine.
9. LORRAINE : Miskien moet ek eerder vir Violet sê sy hoef haarself nie so oor julle te bekommer nie... Hoekom moet sy nou seker maak dat 'n lekker warm ontbyt vir julle wag presies sewe uur elke oggend, as julle dit nie eers kan waardeer nie?

ADELBERT STOP DIE PLAAT KORTAF.

10. JJ : Oukei Lorraine, jy't jou punt gemaak.
11. LORRAINE : Vir u beteken so iets maar min, meneer Prinsloo, maar laat ek u vertel, toe ek Sosiologie geswot het aan die Universiteit van Pretoria...
12. JJ: (MOMPEL) Hier gat ons al weer!
13. LORRAINE : ... het ons geleer dat 'n samelewing sonder eëls, sonder regulasies, sonder orde, nie meer 'n samelewing is nie.
14. GYSIE : Ons verstaan, Lorraine. Kom ouens, kom ons gaan.



1. LORRAINE : Gysie, gee jy om as ek 'n oomblik privaat met meneer Visser en meneer Prinsloo praat?
2. GYSIE : Nee, glad nie. Ek gaan so lank eetkamer toe.  
GYSIE ROL HAAR ROLSTOEL WEG
3. GYSIE : [DOOF WEG] Sien julle ouens nou-nou.
4. JJ : [FLUISTERTOON] Genade, is ons nou al weer in die moeilikheid?
5. LORRAINE : Nee, meneer Prinsloo, maar ek moet oor 'n ernstige saak met u albei praat.
6. JJ : Wat's *nou* fout?
7. LORRAINE : Mag ek sit?
8. JJ : Dis mos jou huis.
9. LORRAINE : [GAAN SIT] Dankie.
10. ADELBERT: Lorraine... dit was niks nie...
11. LORRAINE : Wat was niks nie?
12. ADELBERT: My geheue... Dis nog alles reg, ek's nog helder...
13. LORRAINE : Ek's bly om dit te hoor, meneer Visser, maar ek het ongelukkig nie nou tyd om te gesels nie.
14. JJ : Waaroor wou jy met ons praat Lorraine?
15. LORRAINE : Ek is bevrees dinge word duurder.
16. JJ : Al weer?
17. LORRAINE : Elektrisiteit, dienste, petrol – alles gaan op.
18. ADELBERT: Ja, ja, ons weet dit.

1. LORRAINE : Meneer Visser, ek's bevrees u pensioen gaan nie meer die volle koste van u kamer kan dek nie.
2. ADELBERT : Maar Lorraine, ek het mos beleggings... (wat dit kan aanvul.)
3. LORRAINE : [VAL IN DIE REDE, VINNIG] Ongelukkig het u die pensioen opsie gekies en die inkomste van u dividende sal eers volgende jaar uitbetaalbaar wees.
4. ADELBERT : Watsegoed?
5. LORRAINE : Het u nie dalk kinders of familie wat kan help nie?
6. ADELBERT : Daar was... ek het... 'n dogter... ek dink... maar...
7. JJ : [TERG] Jammer ou maat, lyk my jy moes beter voorsiening gemaak het vir jou toekoms.
8. LORRAINE : Ek sou nie so vinnig praat nie, meneer Prinsloo.
9. JJ : Hê?
10. LORRAINE : U geld uit Australië het hierdie maand minder as gewoonlik uitbetaal.
11. JJ : Hoe's dit nou moontlik?
12. LORRAINE : Dit blyk dat beide van u in 'n finansiële verknorsing is.
13. JJ : En nou?
14. ADELBERT : Ai, Lorraine.
15. JJ : Gaan jy ons nou uitsmyt? Na al die jare in hierdie verdomde plek?!
16. LORRAINE : Meneer Prinsloo, daar's geen rede om hierdie toon met my aan te slaan nie. Ek beheer nie die prys van elektrisiteit nie.
17. JJ : Maar jy gee dan altyd voor dat as dit nie vir jou was nie, sou die blerrie son nie elke oggend opgekom het nie!

1. LORRAINE : [GEDULDIG] Meneer Prinsloo...
  2. JJ : Ek dog dis al die tyd *jy* wat apartheid eiehandig beëindig het!
  3. LORRAINE : Kalmeer tog. Asseblief.
  4. ADELBERT : Los dit, JJ, dis nie haar skuld nie.
  5. LORRAINE : As u my net 'n kans gee, sal ek kan verduidelik hoe u albei hier kan aanbly.
  6. JJ : Ons luister.
  7. LORRAINE : As u dit sou oorweeg om 'n kamer te deel...
  8. JJ : Met Adelbert deel? No ways. Nooit.
  9. ADELBERT : Ag nee man...
  10. JJ : Never ever.
  11. LORRAINE : Ek het nie tyd vir u speletjies nie. Daar is 'n geweldige aanvraag vir kamers. U moet dus óf 'n kamer deel, óf u moet ander heenkome vind.
  12. ADELBERT: Maar...Lorraine, asseblief...
  13. JJ : Dis afpersing!
  14. LORRAINE : Dis doodeenvoudige Rand en Sent-sake.
  15. JJ : [DOOF WOEDEND WEG] Ek bel eers Australië voor ek enige besluite neem!
- DEUR EFFE WEG TOEGESLAAN.
16. ADELBERT: Saam met JJ deel? Asseblief tog, net nie dit nie.
  17. LORRAINE : Dis ongelukkig nie u besluit nie.
  18. ADELBERT: Maar hy haat my!
  19. LORRAINE : Hoekom?
  20. ADELBERT: [POUSE, DAN SKAMERIG] Ek kan nie meer onthou nie.

1. LORRAINE : Ek's baie jammer, maar ek beskou die saak as afgehandel. [DOOF WEG]

En ek raai u ernstig aan om u ontbyt te gaan nuttig, meneer Visser.

MUSIEKBRUG: "OLD FOLKS"

Their homes all smell of thyme, of old photographs  
 And an old-fashioned song  
 Though you may live in town you live so far away  
 When you've lived too long  
 And have they laughed too much, do their dry voices crack  
 Talking of times gone by

KRUISDOOF MET LUI VAN 'N TELEFOON IN A/G IN DIE VOORKAMER.

2. GYSIE : [EFFENS WEG] Bertie? Is dit jy?

3. ADELBERT : Ja, Gysie.

4. GYSIE : [DOOF TOT OP MIK] Waaroor het dit gegaan?

5. ADELBERT : Die samajoor het al weer 'n bevel gegee.

6. GYSIE : Slegte nuus?

7. ADELBERT : Die toekoms lyk bleek.

8. GYSIE : Ag, alles sal regkom, sê Jan Brand! En buitendien, wat nie doodmaak nie...  
 maak vet... [FLUISTERTOON] So gepraat van wat vet maak, het jy daardie  
 lieflike koek gesien wat Lorraine vanoggend in die kombuis gebêre het?

9. ADELBERT : Koek? Haai, ek wonder wie verjaar...?

10. LORRAINE : [ROEP OP AFSTAND] Sal iemand asseblief net daardie telefoon  
 beantwoord!

GYSIE SE ROLSTOEL BEWEEG OP MIK, STOP. GEHOORBUIS OP.

1. GYSIE : Goeie môre, dis Gysie Vermaak wat praat... Hallo? ... Ja, dis reg...  
Meneer Adelbert Visser? Ja, hy bly hier by ons. Wie is dit wat praat? ... O,  
ja? ... Watse foto's? ... 'n Verrassing? Fantasties! O, ons sal maar te bly  
wees vir 'n bietjie vermaak... Oukei Madelé, ons sien jou dan môre. Tata.

GEHOORBUIS NEER.

2. ADELBERT : Wie was dit?
3. GYSIE : 'n Jong dame, glo 'n student, sê sy.
4. JJ : O ja? Was sy oulik?
5. ADELBERT : JJ!
6. GYSIE : Um... dis nou moeilik om presies te sê...
7. JJ : Man, ek speel net, Bertie!
8. GYSIE : Sy't gevra of sy môreoggend foto's kan kom neem vir haar portefeulje.
9. JJ : Uiteindelik, 'n bietjie opwinding!
10. GYSIE : Wat sal ek dra?

MUSIEKBRUG: "Old Folks"

They tremble as they watch the old silver clock  
When day is through  
It tick-tocks oh so slow, it says, "Yes," it says, "No"  
It says, "I'll wait for you."

DOOF NA KLOP AAN ADELBERT SE KAMERDEUR, EN FEITLIK

ONMIDDELLIK OOPGEMAAK.

11. JJ : Nou ja! Wie kon nou ooit dink dat hierdie dag sou kom, nè?
12. ADELBERT: [DOOF TOT OP MIK] Ja, wat... [SUG] As daar wraggies geen ander  
manier is nie.

1. JJ : Dis nou nie nodig om dikbek met my te wees nie. Dink jy ek sou vrywillig van my suurstof met jou deel as... [BREEK AF] Is dit my bed dié?  
JJ GAAN SIT OP DIE BED EN TOETS DIE MATRAS.
2. ADELBERT : Wat is daardie reuk? Het jy in iets getrap?
3. JJ : Moenie jou neus vir my optrek nie, ou man.
4. ADELBERT : Waar's die lugverfrisser?  
LUGVERFRISSEER IN DIE LUG GESPUIT.
5. JJ : As jy so aanhou, gaan ek my vererg. [NIES] Jou blierie onnosel.  
NOG GESPUITERY. DIE GETIK VAN 'N HORLOSIE EN 'N ELEKTRONIESE STEM MET 'N AMERIKAANSE AKSENT WAT SÊ: "THE TIME IS 8 ... [POUSE]... PM."
6. JJ : [SKRIK] Wat de hel is dit? Ek sou nie toelaat dat my horlosie Amerikaans met my praat nie. Ek vertrou nie die Imperialiste nie. Al daai gewapper met hulle wapens, dis net 'n gepronkery.
7. ADELBERT : [VINNIG] Ek gaan nou slaap, ek sit die lig af.  
LIG AFGESKAKEL.
8. JJ : Maar ek het nog nie eers my tas uitgepak nie! [POUSE] Ai-jai-jai... Weet jy wat jou probleem is, Adelbert? [NIES. POUSE] Ek sê, weet jy wat jou probleem is!
9. ADELBERT : Nee!
10. JJ : Wel, jy't meer probleme as wat ek al ooit mielies gesaai het; maar jou grootste probleem is dat jy nog nooit jou blierie hande vir jouself kon hou nie.

1. ADELBERT : Waarvan praat jy?
2. JJ : Jy kon nog nooit enige vrou uitlos nie.
3. ADELBERT : Dis laat... Asseblief.
4. JJ : Moenie vir my vertel jy onthou haar nie.
5. ADELBERT : JJ, ek't nie nou tyd vir jou gebabbel nie.
6. JJ : Elke vrou behoort mos aan jou.
7. ADELBERT : [MOMPEL] Blerrie boer.
8. JJ : Maar mens lei nie jou soort lewe sonder om gestraf te word nie. [POUSE]  
Bertie? Bertie, ek praat met jou. [POUSE] Gaan jy nou heelnag sit en  
voorgee jy hoor my nie? Bertie!
9. ADELBERT : Mm? Verskoon my?
10. JJ : Wat gaan met jou aan?
11. ADELBERT: Wat sê jy, JJ? Iets oor mielies?  
GYSIE SE ROLSTOEL KOM VANUIT DIEP A/G NADER.
12. JJ : Ek sê, jy's... Jong, is jy orraait?
13. ADELBERT: [POUSE] Ek kan nie meer onthou hoe dit voel om... 'n vrou...  
KLOP AAN DIE DEUR EFFE WEG.
14. JJ : Wie's daar? Bertie, sit nou die blerrie lig aan man!  
LIG AANGESKAKEL.
15. GYSIE : [VAN AGTER DEUR, FLUISTERTOON] Dis ekke, Gysie.  
DEUR OP MIK OOPGEMAAK.
16. JJ : Tannie Gysie? Wat maak jy in die gang dié tyd van die aand?
17. GYSIE : [EFFENS WEG] Is hierdie nie Adelbert se kamer nie?

1. JJ : Deesdae myne ook. Kom in, kom in.

ROLSTOEL WORD IN GESTOOT

2. ADELBERT : Naandsê, Tannie Gysie.

3. GYSIE : [DOOF TOT OP MIK] Ek kon nie slaap nie.

4. JJ : Is dit die koue? Mens se bene begin so kramp in die winter.

5. GYSIE : Nee, dis die stilte. My ore suis.

6. ADELBERT : Sal ek vir ons 'n plaat opsit?

7. GYSIE : Ja, dit sal gaaf wees, Bertie.

8. JJ : Net saggies tog, asseblief.

ADELBERT MAAK SY BEDKASSIE OOP EN HAAL 'N PLAAT UIT.

9. JJ : Ek het gedink dis 'n spook wat die gang af kom! Wat's dit wat jy daar het, Tannie Gysie?

10. GYSIE : Dis net 'n ou foto album.

11. JJ : Kan ek sien?

ALBUM OOPGEBLAAI.

12. ADELBERT: Tannie was seker beeldskoon op Tannie se dag, nè?

13. GYSIE : [LAG] Ek het al 'n paar harte gebreek, ja. Nie dat ek nog behoorlik na die prente kan kyk nie. My oë is nie meer wat hulle was nie.

14. ADELBERT: [STAAN OP EN STAP NADER] Kan ek ook sien?

15. JJ : Ek's nog besig, Boetman.

16. ADELBERT: Dis nog steeds my kamer dié!

17. JJ : Sit dan hier op die bed langs my en hou op moan.

18. ADELBERT: Laat ek net die plaat aan die gang kry.



ADELBERT SIT SY PLAAT OP DIE SPELER EN ARVO PÄRT SE

"SPIEGEL IM SPIEGEL" BEGIN SPEEL.

1. JJ : Saggies! Wil jy weer die ou samajoor op ons nekke hê?

MUSIEK SAGTER.

2. ADELBERT : Skuif op asseblief.

3. JJ : Moenie so naby my sit nie! Ek's nie een van jou girlfriends nie.

4. ADELBERT : Kyk na hierdie pragtige kiekies...

5. GYSIE : Weet julle, elke aand voor ek gaan slaap, sit ek met hierdie album op my skoot en raak een vir een aan elke foto met my vingers. Maar vandat die katarakke begin blom het in hierdie ou oë, weet ek nie meer so lekker wie op watter foto is nie. Ek het gehoop julle kon miskien vir my vertel wat julle sien.

6. JJ : Kom ons kyk wat het ons hier...

7. ADELBERT : Wie's hierdie man?

8. JJ : Hier's 'n datum onderaan geskryf – "1934, Oom Danie se plaas."

9. GYSIE : Oom Danie! Ja, dit was net anderkant die Magaliesberge. Die foto is seker van Jacob.

10. JJ : Wie's hy?

11. GYSIE : My eerste en enigste liefde. Vir áltyd.

12. JJ : [FLUIT] En is dit jy hierdie?

13. ADELBERT: Jy was pragtig...!

14. GYSIE : Almal was pragtig toe hulle jonk was.

15. JJ : Ag, daar's nog lekker baie lewe in Tannie Gysie.

1. GYSIE : Nee wat, my tyd is amper op.
2. JJ : Moenie so praat nie...
3. GYSIE : Voor ek vergeet, sal julle my help om 'n mooi rok te kies vir môre? Ons moet almal op ons beste lyk vir die fotograaf.
4. JJ : Wat het die samajoor van die idee gedink?
5. GYSIE : Ai! Ek het geweet daar was iets wat ek vergeet het.
6. ADELBERT : Jy't nie vir Lorraine gevra nie?
7. JJ : O my magtig...
8. GYSIE : Ag, dis môre se probleem. Vertel my eerder wat julle sien in die foto's.  
MUSIEK DOOF GELEIDELIK HARDER TERWYL DIE STEMME UITDOOF.
9. JJ : Kom ons kyk hier...
10. ADELBERT: Is dit julle babetjie? Haai foeitog.
11. JJ : Die dooprok lyk soos 'n Krismis koek!  
MUSIEK KRUISDOOF MET REFREIN VAN LOU RAWLS "YOU'LL NEVER FIND ANOTHER LOVE LIKE MINE." DIT KRUISDOOF MET DIE GETIK VAN 'N HORLOSIE EN 'N GEBROKE ELEKTRONIESE STEM MET 'N AMERIKAANSE AKSENT WAT SÊ: "THE TIME IS... 7... [POUSE] A.M."
12. ADELBERT: [ROEP GESKOK UIT] JJ!
13. JJ : [MOMPELEND, NOG AAN DIE SLAAP] Wat se lawaai is dit nou?
14. ADELBERT: Wat het jy met my horlosie aangevang!
15. JJ : Ek weet nie waarvan jy praat nie.
16. ADELBERT: [STORM OP JJ SE BED AF EN TREK DIE KOMBERSE VAN HOM AF]

KOMBERSE EN LAKENS HOORBAAR GEPLUK.

1. JJ : Heiii! Wie gee jou die reg om my kumberse van my af te pluk?
2. ADELBERT : Jy't dit gebreek!
3. JJ : Ag, watse man gaan so aan oor 'n ou horlosietjie?
4. ADELBERT : Jy skuld my 'n nuwe een!
5. JJ : Jammer ou kêrel, my geld is alles Australië toe saam met my ondankbare voortbrengsels.
6. ADELBERT : Ek sal dit nooit kan vervang nie!
7. JJ : Nee jitte ou, ek kan nie slaap met daai dreuning nie. Jou gesnorkery was erg genoeg, en nou moet ek "The time is... " verduur? Ek het dit uitgehou tot "2... AM," maar nie verder nie.
8. ADELBERT : Nie jou besigheid nie.
9. JJ : En kyk, jy't iets langs jou bed wat mooi werk in perfekte stilte.
10. ADELBERT: [SKAAM] Die nommertjies is te klein.
11. JJ : Ha! Ou Bertie is 'n blindemol!
12. ADELBERT: [AMPER IN TRANE] Ag, JJ, man... Hoekom?
13. JJ : Hoekom kry jy nie een van daai Braille polshorlosies of iets nie? Hê? Hoe moet ek nou raai jy kan nie meer lekker sien nie? Ek dog jy doen dit net om my om te ellie. Wel, laat ek vir jou sê, dit het gewerk! [POUSE] Oukei, orraait... ek's jammer ek't dit gebreek. [POUSE.] Sê jou wat. Ek sal my kinders vra om vir my een te stuur. Dan sal dit seker Australies praat. [AAP NA] "The time is... 9:25... PM."
14. ADELBERT: [DIKBEK] Hmm.

1. JJ : [POUSE] As ons nou moet saamleef, dink jy nie miskien dis tyd dat hierdie storie end kry nie? Is dit nie al lank genoeg dat ons op mekaar se senuwees werk nie? [POUSE] Hoekom sê jy niks nie? Gaan jy nou net daar sit?
2. ADELBERT : [STADIG] Jy gee 'n ou nie kans om... om te... (om te...)
3. JJ : O, so nou is dit my skuld? Laat ek jou sê, my gewete is skoon. Die enigste rede hoekom ons daaroor praat, is omdat ek...
4. ADELBERT : Sal jy asseblief net...(vir my 'n)...?
5. JJ : ...bereid is om te praat, om die deure oop te maak...
6. ADELBERT : Asseblief... (luister... )
7. JJ : ...terwyl jy daar sit met 'n bek vol bleddie tande!
8. ADELBERT : [GRIMMIG] Ek kan nie 'n vervlakste woord in kry nie!
9. JJ : [POUSE] Is dit so?
10. ADELBERT: Ja!
11. JJ : As jy nie jou sêgoed betyds agtermekaar kan kry nie... [HANG]
12. ADELBERT: [POUSE, MOEDELLOOS] Wat wil jy van my hê?
13. JJ : 'n Verskoning. Sodra jy erken dat jy die een is wat *heeltemal* verkeerd was, en dat dit *alles* jou skuld was; *dan* kan ons vorentoe beweeg.
14. ADELBERT: Oukei, ek's jammer.
15. JJ : Wat was dit?
16. ADELBERT: Ek sê, ek's jammer.
17. JJ : Dis beter... [SUSPISIEUS] Waaroor is jy jammer?
18. ADELBERT: Dat my horlosie gepraat het.

1. JJ : Nee, nie dit nie!
2. ADELBERT : Jammer dat... uh... [KLEIN STEMMETJIE] ek... uh... ek weet nie.
3. JJ : Wat?
4. ADELBERT : Ek... kan nie onthou nie...
5. JJ : O liewe aarde, jy onthou deesdae bra min, pellie. Wat help dit nou? Wil jy my sê jy onthou regtig nie vir Emmie nie?
6. ADELBERT : Wie's dit?
7. JJ : Jou ex-vriendin! Jou minnares.
8. ADELBERT : [VERBAAS] My minnares?
9. JJ : Een van hulle. Magtig, ek kan nie met jou stry nie, want jy onthou bôggerol!
10. ADELBERT: Dis nie my skuld nie.
11. JJ : Dit is jou skuld! Jy't 'n onreg gepleeg teenoor jou vrou en teenoor my!
12. ADELBERT: Sê tog net vir my wat dit was, asseblief. Partykeer weet ek skaars wat ek gisteraand gedoen het. Wat dit ook al was... ek is baie, baie, baie... *baie* jammer.
13. JJ : Ja, ja... Kom ons gaan eet brekfis voor ou Bokkie Lorraine ons eens en vir altyd uitsmyt. Hierdie gesprek is nog lank nie klaar nie, ou man. Kom!

MUSIEKBRUG: "Old Folks"

On a Sunday afternoon  
 The old folks move no more, their world's become too small  
 Their bodies feel like lead  
 They might look out the window or else sit in a chair  
 Or else they stay in bed

KRUISDOOF MET 'N SAGTE GEROESEMOES EN DIE GEKLINGEL  
VAN TEEKOPPIES EN TEELEPELS SOOS DIE INWONERS TEE DRINK  
RONDON 'N TAFEL NA ONTBYT.

1. GYSIE : Nog enetjie?
2. JJ : Nee dankie, Tannie Gysie.  
  
DEURKLOKKIE LUI.
3. GYSIE : Aa! Dis seker sy. Laat haar in, asseblief JJ.
4. JJ : [STAAAN OP, DOOF WEG] Ek's nogal opgewonde om haar te ontmoet!  
  
DEUR OOP OP MIK.
5. JJ : Mône, mône.
6. MADELE : [EFFENS WEG] Goeie mône, verskoon my... (Ek's op soek na mevrou Vermaak.)
7. JJ : Ja, ja. Kom in, kom in.  
  
DEUR TOE.
8. JJ : Hierlangs. Almal wag al vir jou!
9. GYSIE : [DOOF TOT OP MIK] A, jy's seker Madelé? Goeie mône, ek's Gysie.
10. MADELE : Aangename kennis.
11. JJ : Was lanklaas dat ons 'n jong besoeker in ons midde gehad het.
12. ADELBERT: [VLEIEND] Aangenaam, dame, en mag ek sê, jy is die mooiste jong besoeker waarop ek my oë in 'n baie, baie lang tyd laat rus het.
13. MADELE : [ONSEKER] Dankie.
14. ADELBERT: Ken ek jou nie dalk van êrens af nie?
15. MADELÉ : Miskien, ek weet nie. Is u... Meneer... Adelbert Visser?

1. ADELBERT : Ja, dis ek.
2. GYSIE : Is daar iets verkeerd, my hartjie?
3. MADELÉ : N-nee... Oe... My kop voel 'n bietjie lig...
4. JJ : Sit hier, Juffie!
5. GYSIE : JJ, loop haal gou vir die kind 'n bietjie water!
6. MADELÉ : Ek's jammer... Ek sal nou-nou... [ASEM] weer reg wees, dankie.
7. ADELBERT : Ek's seker ek het al jou pragtige voorkoms êrens gesien...
8. JJ : Los die arme kind nou, Adelbert. Jammer, Madelé, sy kop werk nie meer so lekker nie. Kan ek vir jou 'n glas water bring?
9. MADELÉ : [BEDEESDE LAGGIE] Nee, nee, dis reg.... So.uh... met wie sal ons begin?
10. GYSIE : Kom sit eers 'n bietjie, my kind. Ons kry so min geselskap. Wat van 'n koppie koffie?
11. MADELÉ : Dankie, Tannie, maar ek wil nie julle tyd onnodig mors nie.
12. ADELBERT: Juffrou, hier het ons *net* tyd om te mors en as jy ons daarmee kan help, sal ons jou ewig dankbaar wees. Kom ek kry vir jou 'n lekker koppie koffie.
13. MADELÉ : Dankie... uh... Oom...
14. ADELBERT: Iets vir iemand anders?
15. JJ : Twee suikers.
16. ADELBERT: Ja ou "twee suikers" JJ. Jy kan ten minste probeer ordentlik vra!
17. GYSIE : Dankie Adelbert, ek sal graag nog 'n teetjie drink.
18. JJ : En maak dit sterk, Boetman. Ek het al vantevore jou pieperige koffie gedrink.
19. GYSIE : Wat is dit met julle twee?

1. ADELBERT : [DOOF WEG] Reg, so... uh... Die kombuis is nou weer waar...?
2. JJ : [ROEP LAGGEND AGTERNA] Ja, vergeet maar wat jy wil, ou maat. JJ onthou alles. Hierdie kop is nog helder, ou pellie.
3. GYSIE : Dis tyd dat julle vrede maak. Mens weet nooit hoeveel dae mens nog oor het nie.
4. JJ : So Madelé, jy's 'n fotograaf, verstaan ek?
5. MADELÉ : Wel, ek studeer nog, maar ek's amper klaar. Ek het al drie jaar agter die rug en is nou in my finale jaar.
6. JJ : Magtig, wie sou glo dat dit *vier* jaar sou kon neem om te leer hoe om te mik en te druk? Wat kan dan so moeilik wees? Mens sien mos die prentjie in daai klein blokkie en ... woema!
7. GYSIE : [LAG] Ag JJ, ek's seker dis 'n bietjie meer ... (ingewikkeld as dit!)
8. ADELBERT : [DOOF TOT OP MIK] Môme, môme almal. Lieflike dag buite... [POUSE] Nou vir wat staar julle almal so na my?
9. JJ : Waar's my koffie, meneer Vergeet?
10. ADELBERT: O... is dit hoekom ek nou in die kombuis was?
11. JJ : Wil jy nou meer!
12. ADELBERT: [DOOF WEG] Ek's nou weer terug.
13. GYSIE : Ag, JJ, gaan help hom, man. En bring sommer ook vir ons daai lekker koek saam wat Lorraine weggesteek het.
14. JJ : [ONNUTSIGE LAGGIE] Goeie idee! [DOOF WEG, ROEP] Bertie, wag vir my, ek kom saam!
15. GYSIE : En wat maak jou pa, my kind?



1. MADELÉ : [ONWILLIG] E-ek weet nie.
2. GYSIE : O, dan's hy seker 'n staatsamptenaar. [LAGGIE] Ek het my hele lewe lank nooit geweet wat my pa doen nie, tot my ma my eendag gesê het hy's 'n staatsamptenaar. [LAG] En toe weet ek nog stééds nie wat hy doen nie!
3. MADELÉ : [POUSETJIE] My pa het ons gelos toe ek nog klein was.
4. GYSIE : [ONKANT BETRAP] O? Ag, foeitog, kindjie, ek's jammer om dit te hoor.
5. MADELÉ : [VERLEË LAGGIE]
6. GYSIE : [ONGEMAKLIK] En sê vir my, het jy al van jou foto's laat uitstal?
7. MADELÉ : Ja, verlede jaar vir ons eksamenuitstalling. Ek beplan om later hierdie jaar 'n reeks te maak van ou mense. E-ekskuus, ek bedoel... portrette van bejaardes... ehe senior burgers. [SENUWEEAGTIGE KUGGIE] Ja.
8. JJ : [DOOF TOT OP MIK] So ja, mense, laat die party begin!
9. MADELÉ : Bly julle almal al lank saam?
10. JJ : Te lank, meisiekind, te lank.
11. ADELBERT: JJ? Jy't nou die dag eers hier ingekruip. Goeiemôre, juffrou, aangenaam. Koppie koffie vir jou?
12. MADELE : Dankie, Oom.
13. ADELBERT: Vergeet tog asseblief van daardie "Oom" nonsens. Ek is Adelbert. En wat is jou naam?
14. MADELÉ : Madelé.
15. ADELBERT: A, wat 'n lieflike naam! Mag ek asseblief jou hand soen, juffrou...? [SOEN HAAR HAND]
16. JJ : Kan jy dit nie vir 'n minuut laat staan nie, Bertie?

1. GYSIE : [VINNIG] Waar's daai koek?
2. ADELBERT : Dink jy regtig ons moet dit eet? Ons het nou net ontbyt geëet. Dis mos net oumense wat heeldag rondsit en koek eet.
3. JJ : Gaan kyk maar in die spieël, ou pel.
4. ADELBERT : En wat van die draak?
5. JJ : Maggies man, sit 'n bietjie murg in jou pype! Waar's jou moed?
6. GYSIE : Mens mag somtyds op 'n spesiale dag 'n bietjie stout wees. Lorraine sal verstaan. Sy't dit seker in elk geval vir ons gekoop. Nou... wie wou wat gehad het?
7. MADELÉ : Koffie vir my, asseblief.
8. ADELBERT : Daar's joune, JJ.
9. JJ : Dankie, *skattebol*.
10. ADELBERT: [SNORK MINAGTEND]  
KOPPIES EN LEPELS KLINGEL.
11. GYSIE : Ek het die koek gesny. Kry vir julle, hoor?
12. AD LIB : [Dankie/Gee vir my 'n snytjie aan/Het jy gekry? ens.]
13. GYSIE : En so Madelé, vertel ons bietjie meer oor jousef. Neem jy ook troues af?
14. MADELÉ : Partykeer.
15. ADELBERT: Ag, dis te wonderlik!
16. GYSIE : Wat is so wonderlik, Adelbert?
17. ADELBERT: Dit was nog altyd my droom.
18. JJ : Wat?

1. ADELBERT : Om elke week na 'n troue toe te gaan. Dink net daaraan. Ek was self ses keer getroud. Of was dit nou sewe? Ieder geval, elke keer het ek dit meer geniet as die vorige. Weet julle waarvan het ek die meeste gehou?
2. JJ : Die wittebrood?
3. ADELBERT : Nee, jou vuil vark! Ek was nog altyd lief vir troukoek!
4. JJ : Adelbert, jy's 'n lafaard. Sewe keer getroud net vir die koek! Hei, skuif bietjie op daar, maak plek vir 'n ou.
5. GYSIE : Mans kan nie op hulle skote eet nie.
6. MADELÉ : Hoekom nie?
7. GYSIE : Hulle't nie skote nie.
8. JJ : Maar natuurlik het mans skote! Hoe anders kan hulle 'n *lap dance* kry?
9. GYSIE : 'n Skoot dans?
10. ADELBERT : Lewe hemel JJ, moet jy altyd so kru wees?
11. JJ : Ek bemoei my maar eenvoudig met die feite van die moderne lewe.
12. MADELÉ : [LAG] Ek sien Oom het nie sy hele lewe net op die plaas gebly nie!
13. JJ : [MET INNUENDO] Iemand moes die skaap mark toe vat.
14. GYSIE : Ek glo nie ek het al ooit 'n begeerte gehad om sonder my hempie in iemand se skoot rond te wikkel nie. [LAG]
15. MADELÉ : [LAGGIE] Ja-nee!
16. GYSIE : [GRIL] Net die gedagte...!
17. JJ : Vrouens verstaan nie sulke goed nie.
18. MADELÉ : Oe, hierdie koffie is lekker... dit maak my nou eintlik lus vir 'n sigaret. Gee julle miskien om as ek by die oop venster staan en net 'n trek vat?

1. GYSIE : Eintlik, ja.
2. JJ : Ag, los die kind tog! Dis so lanklaas dat ek 'n bietjie twak geruik het.
3. GYSIE : Ek dink eerder nie, hoor? Jammer, Madelé, maar dis nie gesond vir ons oumense nie. [INTIEM, MOEDERLIK] En ook nie vir jou nie.
4. MADELÉ : [SPOT] Als reg, ek sal seker oorleef!
5. GYSIE : Jy't mos ook gerook, Bertie?
6. MADELÉ : Was dit moeilik om op te hou?
7. ADELBERT : Nee wat. Maklikste ding in die wêreld!
8. MADELÉ : Regtig?
9. ADELBERT : Ja, net wakker geword een oggend en besluit genoeg is genoeg.
10. GYSIE : [LAG] En toe begin hy appelringe eet!
11. MADELÉ : [LAG] Áppelringe?
12. GYSIE : [LAG] Ja, ek onthou goed hoe't hy heeldag gesit met appelringe in sy sak!
13. ADELBERT : En ek moes my ringe goed oppas. Ek was bang die ander mense in die dorp koop al die appelringe op!
14. JJ : Jy was seker heeldag in die kleinhuisie?
15. GYSIE : [LAG] Hai! JJ.
16. ADELBERT : Weet julle, in Japan glo hulle dat mense wat rook, nie so baie Alzheimer's kry nie?
17. JJ : Die Japanese eet inkvis. Hulle's mal.
18. GYSIE : Wel, die Sjinese eet katte.
19. JJ : Wat praat jy nou, Tannie Gysie?

1. GYSIE : Ek was Peking toe in die negentigerjare, toe ek nog 'n fris sewentig jaar oud was. Sal jy glo, die eerste vraag wat hulle vir 'n mens vra is "Hoe oud is jy?" En as jy baie oud is, dan is hulle onmiddellik vol "oohs" en "aahs." Hulle is jaloers op 'n mens, dis die grootste geluk om lank te leef.
2. JJ : Jissie, geluk vir hulle miskien. Nie vir ons nie. As jy eendag oud word in 'n Indiese gemeenskap, bou hulle nog kamers aan vir die oumense. Geen ouetehuse vir die Oosterse of Indiese, of selfs vir die Swartes nie. Dis net ons Westerse wittes wat stoksielalleen gelos word in 'n verlepte ou kamertjie.
3. GYSIE : Ja, dis maar die lewe, dis die lot. En as jy eers dood is, dan kan jy maar net hoop iemand gaan na jou begrafnis toe kom. Ek was een keer by my Vusi se ma se begrafnis en elke skepsel in die dorp was daar. Almal wat 'n kar het, laai dit propvol mense – singend en kreunend. Hulle eer jou en jou lewe. Jy sal dit nooit by 'n wit begrafnis sien nie.
4. JJ : En hoeveel mense verwag jy, Tannie Gysie?
5. GYSIE : [LAG] O goeie genugtig... Elke jaar is meer en meer van my vriende oorlede. As ek eendag 'n honderd moet haal, sal ek die laaste een wees.
6. MADELÉ : Hoe oud is Tannie nou?
7. GYSIE : Volgende maand word ek twee-en-negentig, kan jy glo?
8. MADELÉ : Wow...
9. JJ : Het jy al besluit watter roete jy gaan neem?
10. GYSIE : Wat bedoel jy?
11. JJ : Brand of sand?

1. GYSIE : Verassing.
2. MADELÉ : Verrassing?
3. GYSIE : [LAG] Nee, man, dit sal genoeg van 'n verrassing wees. Ek sê ver-ass-ing.  
Laat ek maar eerder nie te veel plek opneem nie...
4. MADELÉ : Weet Tannie wat hulle in Madagaskar doen?
5. GYSIE : Nee, vertel tog kind? Ag, dis te lekker om met iemand jonk te kan gesels.
6. MADELÉ : Ek was daar vir 'n taak verlede jaar. Elke paar jaar – as hulle dit kan  
bekostig – grawe hulle die lyk van hulle ouers op. Hulle hou 'n seremonie  
en dan begrawe hulle die persoon weer, sodat hulle hul voorvaders altyd  
kan onthou.
7. GYSIE : Sjoe, ek kry al klaar skaam as iemand my sien in my verbleikte ou japon,  
nevermind om in my naakte skedel te verskyn nie!  
  
LORRAINE SE VOETSTAPPE WORD HOORBAAR UIT DIEP A/G.
8. : [ALMAL LAG]
9. LORRAINE : [OP AFSTAND] Môre, môre almal.
10. JJ : [ONDERLANGS] O genade...
11. LORRAINE : Die sonnetjie skyn dan so lekker buite en hier sit julle almal opgeknop in  
die huis?
12. GYSIE : Ons gesels te lekker, Lorraine.
13. ADELBERT: Ja, net 'n bietjie spekskiet.
14. JJ : Ons praat oor die dood, dis iets wat ons almal in gemeen het! Kom gesels  
gerus saam.
15. LORRAINE : Verskoon my, en wie is jy?

1. MADELÉ : Môme, Tannie. Ek het gister gebel om 'n paar foto's te kom neem?
2. LORRAINE : Besoekure is eers vanmiddag.
3. GYSIE : Ag, jammer, Lorraine! Ek het gister met die jong dame gepraat...
4. LORRAINE : Jy weet wat ek dink van 'n onnodige ontwrigting van die daaglikse roetine.  
In ons tweede jaar sielkunde by die Universiteit van Pretoria, het ons geleer dat 'n samelewing... (beter funksioneer as daar beplande roetines)
5. JJ : Ag tog! Gee ons 'n blaaskans van jou reëls en regulasies vir net een dag.
6. LORRAINE : Ek's bevrees niemand het my toestemming gevra nie.
7. MADELÉ : Ek's baie jammer, Mevrou...
8. LORRAINE : As die reëls een keer verbreek word... (gaan alle respek vir orde, struktuur en samehorigheid verlore!)
9. : (ALMAL BEGIN OOR MEKAAR PRAAT)  
JJ : Ag nee man, Bokkie Lorraine, gee die girl net 'n kans!  
GYSIE : Ek is só jammer, Lorraine, ek moes jou vertel het, maar ek het vergeet.  
MADELÉ : Ek kom liever op 'n ander dag terug as die storie uitgesorteer is.  
ADELBERT: Dis mos nou nie so 'n groot ding nie?
10. LORRAINE : In my derde jaar Sosiologie... (het professor Immelman ons hierteen gemaan!)  
JJ : Ag hou tog net op karring oor jou kamtige slimigheid!  
[GYSIE SE STEM SNY DEUR DIE BOHAAI]
11. GYSIE : Lorraine, asseblief! Vandag is my huweliksherdenking. En aangesien dit moontlik een van my laaste jare op hierdie eensame aarde mag wees, sou ek baie graag wou hê dat iemand my foto neem!

[’N OOMBLIK SE VERSLAE STILTE]

1. ADELBERT : [SAG] Sjoe, Tannie Gysie?
2. GYSIE : En buitendien... dit sou tog nie ’n slegte idee wees as iemand ’n mooi foto kon neem van die hele ellendige ou lot van ons nie. Iemand sal eendag moet onthou hoe ons saam oud geword het in hierdie *pragtige* ouetehuis van jou, nie waar nie, Lorraine?
3. LORRAINE : Wel, Gysie...
4. GYSIE : Ag toe, laat die foto’s geneem word! Asseblief?
5. MADELÉ : Dis gratis...
6. LORRAINE : [POUSE, SUG] Julle is onmoontlik.
7. ADELBERT : Sit en eet ’n stukkie koek saam met ons, toe?
8. LORRAINE : [POUSE, DAN SAG, AFGEMETE] Wát eet julle?
9. JJ : Sjokoladekoek, en magtig, is dit lekker!
10. LORRAINE : Waar het julle daardie koek gekry?
11. ADELBERT: [FLUISTEREND] O genade. Ek het vir julle gesê ons gaan in die moeilikheid beland.
12. JJ : Wat gaan jy doen, Lorraine? Ons ouers vertel?
13. : [ALMAL BEHALWE LORRAINE LAG LEKKER]
14. LORRAINE : [DREIGEND AFGEMETE] Wie is verantwoordelik vir hierdie uitspattigheid?
15. GYSIE : Dis my skuld.
16. LORRAINE : Gysie, ek het dit nie van jou af verwag nie.
17. GYSIE : Ek het vir JJ gevra om dit te bring.
18. LORRAINE : Daardie koek was vir my nefie se verjaarsdag.



1. GYSIE : Agge nee...!
2. LORRAINE : [KWAAD] Ek het nie tyd om nog ene te gaan koop nie.
3. ADELBERT : Jammer, Lorraine.
4. LORRAINE : [SAGGIES] Ek weet julle noem my name agter my rug – die samajoor, die monster...
5. GYSIE : Nee.
6. LORRAINE : Maar ek het nie verwag die dag sou kom wanneer julle van my sou steel nie. [TELEURGESTELD] Hoekom het julle my koek gesteel?
7. GYSIE : Ek sal jou daarvoor betaal...
8. LORRAINE : Dit gaan nie oor die geld nie... Dit... Dit gaan oor *respek*. Respek vir ander mense se besittings... En respek vir ander *mense*... [KLEIN] Respek vir *mý*...! [BEGIN HUIL]
- 9.JJ : O vrek...(hier kom dit nou!)
10. GYSIE : Arme Lorraine...! Ons respekteer jou mos.
11. ADELBERT: Wat gaan nou aan?
12. LORRAINE : [DESPERAAT] Ek's klaar met julle... ek verkoop liever koeksisters by 'n verkeerslig as om julle nog 'n dag verder op te pas!
13. GYSIE : Skink vir haar 'n koffietjie daar. [MOEDERLIK] Kom sit, skat, sit.
14. LORRAINE : [GAAN SIT] Ek het nooit gedroom ek sou eendag in 'n ouetehuis beland nie... saam met... saam met... *ou*-mense...
15. GYSIE : Ja, nie een van ons het gedroom ons gaan ooit oud word nie.
16. LORRAINE : Ek kan nog sien, ek kan nog hoor. My hande bewe nie. Ek is nog nie oud nie!

1. GYSIE : Nee, dis waar, jy't nog baie lewe in jou, Lorraine.
2. JJ : Wat van 'n lekker stukkie koek om die trane op te droog?
3. LORRAINE : [POUSE, SNIK] Net 'n klein stukkie...
4. JJ : Ja, ou Lorraine. Ek ken jou geheim.
5. LORRAINE : Ekskuus?
6. JJ : Ek weet jy's nie net 'n samajoor nie.
7. LORRAINE : Waarvan praat u, meneer Prinsloo?
8. JJ : Ek wed nie een van julle weet dat Lorraine op haar tyd 'n model was nie?
9. GYSIE : [OPGEWONDE] 'n Geheim?
10. JJ : Ek het mos gesê ek dag ek herken die gesig op daardie plaatomslag.
11. ADELBERT: Wat?
12. JJ : Pop Shop of Springbok of een van daai? Lui dit enige klokkies? Iemand?
13. ADELBERT: Is dit alweer een van jou nonsens praatjies, JJ?
14. LORRAINE : [SAGGIES, MAAR TROTS] Springbok 31.
15. ADELBERT: Regtig?
16. JJ : Daardie covers is in my geheue ingeprent deur baie ure se noukeurige ondersoek. Dit lê in Bertie se kamer. Gaan kyk maar.
17. LORRAINE : Nee, dis mos nie nodig nie.
18. JJ : Gaan loer gou, Bertie! Nee, nee, gaan *haal* daardie plaat van jou waarna ons geluister het.
19. ADELBERT: [OPGEWONDE] Oukei! [DOOF WEG] Ek's nou terug!
20. GYSIE : Kan jy dit nou oorvertel...
21. MADELÉ : Wat is Springbok-plate?

1. JJ : [LAG] Dit was lank voor jy nog eers 'n vonkel in jou pappie se oog was, my girl. Voor die berugte Scope, en nog voor “skootdane.”
2. LORRAINE : Nee man, dit was nooit so erg nie.
3. JJ : Niks om oor skaam te wees nie, Lorrainetjie, absoluut niks. Dit was 'n eer om gekies te word. Ek het jou onmiddellik herken aan jou twee lekker mooi groot... ronde... bollaas in jou hare.
4. GYSIE : [LAG] Ai, JJ, jy tog...!
5. MADELÉ : [LAG] Oom is lekker stout!
6. ADELBERT : [DOOF TOT OP MIK] Het ek reg onthou? Is dit die plaat dié?
7. JJ : Ja, dis hy!
8. ADELBERT : Goeie genugtig...
9. MADELÉ : Tannie was nogal... seksie op haar dag, nè?
10. JJ : [INNUENDO] Tannie is nog steeds...
11. LORRAINE : [GEVLEI] JJ!
12. GYSIE : Oo, jy was seker 'n gesogte nooi op jou tyd, Lorraine.
13. MADELÉ : Maar hoe het Tannie op die voorkant van 'n plaatomslag beland?
14. LORRAINE : [TROTTS] Ek was 'n lugwaardin by SAL. Toe eendag vra Eddie Fisher my of ek nie vir hulle sal poseer nie. O, julle moes die uitdrukking op my pa se gesig gesien het!
15. JJ : Hy't seker gesê "Nô't 'n f-f-f ..."
16. ADELBERT : [WAARSKUWEND] JJ!
17. JJ : "...f-f-oto van my kind met só min kleertjies aan nie!"

1. LORRAINE : [LAG] Ja, hy was nie baie gelukkig daaroor nie, maar wat kon hy doen?  
Die reeks was so gewild, mens kon daarmee wegkom... Ag dit was lekker dae. Danse, en smart karre, en fancy hotelle – operas by La Scala, toneelstukke op Broadway, Tango in Buenos Aires...
2. GYSIE : Die wêreld vergeet so vinnig...
3. LORRAINE : Maar ek onthou...
4. ADELBERT : Wie vergeet wat?
5. GYSIE : Ek sou nie sê ons was ooit deel van die "Jet Set" nie, maar ons was by die opening van elke nuwe opera by die Staatsteater.
6. JJ : [SNORK] Die blerrie ou "Status Teater"?
7. LORRAINE : Nie dat jy ooit oor daardie drumpel geloop het nie.
8. : [ALMAL LAG]
9. JJ : Never never. Ek was eerder te vinde vir 'n kuier by die Navigator kroeg oorkant in Kerkstraat.
10. GYSIE : Ons lewens was vol. In daai dae wou almal ons probeer beïndruk en heuning om die mond smeer, maar nou... nou gee niemand meer om waar of wie ons is, of wat van ons geword het nie.
11. LORRAINE : Dis hierdie nuwe geslag.
12. MADELÉ : [POUSE] Hei, moenie almal vir *my* kyk nie...!
13. GYSIE : Dit maak nie saak nie, want ek het nog 'n rykdom van herinneringe in hierdie ou kop, selfs al kan ek nie meer my eie foto's sien nie.
14. ADELBERT : Ten minste onthou julle nog. Ek... ek kan nie meer... so goed...
15. JJ : [SARKASTIES] Ja foeitog, ou Bertie.

1. GYSIE : Hou nou op om so gemeen te wees!
2. JJ : [ONSKULDIG] Wat? Ekke?
3. GYSIE : Wat wou jy nog sê Adelbert?
4. ADELBERT: Mense om jou raak al hoe jonger en jonger. Het julle dit al agtergekom? Die stories hoop op, maar jy vergeet watter van hulle jy al vertel het.
5. JJ : Moet hom nie te jammer kry nie, Madelé. Ek kan jou 'n storie of twee vertel van hierdie Ridder van die Kousband.
6. MADELÉ : O, ja?
7. ADELBERT : Madelé... miskien vergeet ek 'n paar dinge, maar hierdie ou? Hy's vol grootpraat, maar hy't niks oor nie.
8. MADELÉ : Is dit?
9. ADELBERT : Sy kinders het hom hier gelos en hulle's Australië toe sonder om een keer terug te kyk.
10. JJ : Wat weet jy van my familie? Hê?
11. ADELBERT: Ek weet hulle het die plaas onder jou voete uitverkoop. Ja, jy't gedink jy gaan nog lekker in die bosveld leef en toe jy jou oë uitvee, sien jy net die agterent van 'n Boeing wat suid-oos vlieg.

1. JJ : Nou luister jy mooi. My kind is 'n rekenmeester en ek het hom goed grootgemaak. Ek het bleddie duur betaal vir sy opleiding by Stellenbosch en ja, oukei, ek het gedink hy gaan my eendag met die bestuur van die plaas help. Maar laat ek jou een ding vertel: hy het my gesmeek om saam met hulle Australië toe te trek. Gesmeek! Die kleinkind het selfs gesoebat [PIEPERIGE STEM] "Asseblief Oupa, asseblief, kom tog saam met ons Perth toe."
2. ADELBERT : En hoekom het jy nie? Dit sou 'n verligting gewees het vir die hele Suid-Afrika!
3. JJ : Nee, te hel daarmee. Ek gaan nie myself blootstel aan "G 'Day Mate" en "How Ya Doin' Old Timer" nie! Liewe hemel nee, dis nie vir my nie. My plek is *hier*.
4. ADELBERT : Hulle kon jou ten minste beter ondersteun het.
5. JJ : O, hy wou so graag dat ek sy geld vat, om daar in Pretoria-Oos in 'n fancy deel van Garsfontein uitbreiding sewe-honderd-en-flippen-vyftig in 'n sekuriteitskompleks te gaan bly. Maar nee, my maat, ek staan al my hele lewe lank op my eie twee pote. Ek het nie tyd vir welsyn nie.
6. MADELÉ : [POUSE] So gepraat van tyd – is dit nog reg as ek 'n foto of twee neem?
7. GYSIE : Ja, Madelé, verskoon asseblief ons klein daaglikse dramas. Wou jy foto's van elkeen op hulle eie neem, of een groeefoto?
8. MADELÉ : Uhm, kom ons neem een met almal saam vir eers.
9. GYSIE : Ja, dit klink mooi, sodat ons mekaar ook kan onthou. Waar sal 'n goeie plek wees om te sit?

[ELKEEN VAL DIE VORIGE SPREKER IN DIE REDE TOT HULLE ALMAL GELYKTYDIG PRAAT.]

1. JJ : Wat van ons skuif Gysie...(Sy sal mos meer gemaklik wees hier op die bank...en die agtergrond is tien keer beter.)
2. GYSIE : Ek dink dit sal mooi lyk as ons... (die oggendsonnetjie in die prentjie kan bring.)
3. ADELBERT : Die blomme sal 'n bietjie kleur in die raam sit... (haai, is dit nie pragtig nie?)
4. LORRAINE : Gysie moet in die middel sit.
5. JJ : [FLUIT OM ALMAL STIL TE KRY] Hokaai!  
[OOMBLIK STILTE]
6. ADELBERT : Ek hou tog so baie van lelies.
7. LORRAINE : Julle wil seker nie hê *ekke* moet ook in die foto verskyn nie, of hoe?
8. JJ : Ons kan nie doen sonder ons Springbokkie nie! Kom lê hier voor, so lekker op jou sy.
9. LORRAINE : [LAG] Haai, weet jy JJ, jy's verskriklik!
10. JJ : Ek weet bôggerol van kuns, maar ek weet wat ek laaik.
11. MADELÉ : Kan Tannie hier in die middel inskuif?
12. ADELBERT: [EFFE WEG] Wat maak julle almal nou?
13. GYSIE : Ons neem 'n foto Bertie, kom terug.
14. ADELBERT: [DOOF NADER] Hoe nou?
15. JJ : En jy kan net hier sit, Tannie Gysie. Is jy gemaklik?
16. GYSIE : Dankie, JJ.

1. MADELÉ : [EFFE WEG] Oukei, maar julle moet smile. Ek kan nie 'n nice foto neem as julle almal soos die dood lyk nie.
  2. LORRAINE : [GROM] Wel, verskoon ons...
  3. MADELÉ : Jammer, jammer.
  4. JJ : Vertel vir ons iets om ons te laat lag.
  5. MADELÉ : Soos wat?
  6. GYSIE : 'n Grap! Ek's so lief vir 'n lekker grappie!
  7. MADELÉ : Laat ek dink...hmmm...uh...het julle al die storie gehoor van die paartjie wat besluit het om kaal deur die ouetehuis te hardloop?
  8. JJ : Ek laaik al klaar hierdie ene...
  9. MADELÉ : Ou Japie en Sannie? Vir 'n bietjie opwinding trek hulle toe hulle klere uit en jaag daar deur die gange van die ouetehuis. Jacoba en haar man kyk so vir die twee. Sê Jacoba: "Haai, wie's dit?" "Weet nie", sê haar man, "My oë is nie meer so lekker nie".
  10. GYSIE : Weet hoe hy voel.
  11. ADELBERT: [LAG] Ek ook!
  12. JJ : Sjiii.
  13. MADELÉ : En Jacoba sê: "Watse klere het hulle gedra?" "Weet nie," sê hy, "Maar wat dit ook al was – dit het strykwerk nodig gehad." [LAG ALLEEN]
- FOTO WORD GENEEM
14. LORRAINE : Gmf. Daai grappie is nie meer so snaaks as jy eers ons ouderdom bereik het nie.
  15. JJ : Wag net vir jou dag, Meisiekind.



FOTO WORD GENEEM

1. MADELÉ : Haai nee, kom nou. Wat kan ons doen om julle te laat smile?
2. ADELBERT : Is daar nog koek oor?
3. GYSIE : Koek?
4. ADELBERT : [OPGEWONDE] Hmmm.
5. JJ : Ja, wat.
6. MADELÉ : Oukei, dink aan julle gunsteling koek.
7. GYSIE : Melktert!

FOTO WORD GENEEM

8. JJ : Koeksisters!

FOTO WORD GENEEM

9. LORRAINE : Hertzoggies!
10. ADELBERT: Waar?
11. : [HULLE LAG ALMAL LEKKER.]

DRIE FOTO'S WORD GENEEM

12. MADELÉ : Dis beter. Dankie.
13. GYSIE : Ai tog, ek weet nie wanneer ek laas so lekker gelag het nie.
14. MADELÉ : [DOOF NADER] Kan ek nou miskien 'n portret of twee probeer?
15. JJ : Met wie wil jy begin?
16. MADELÉ : [OP MIK] Wat van met meneer Visser?
17. ADELBERT: Hm? Adelbert, bly te kenne.
18. MADELÉ : Kan ek u hier op hierdie stoel laat sit, meneer Visser, sodat die lig van die venster op u regterkant val? Mooi so.

1. GYSIE : Ek dink ek moet 'n bietjie rus. Dis genoeg opwinding vir een oggend.

2. JJ : Kom ek help jou, Gysie. Huweliksherdenking of te not, dis tyd vir jou oggendslapie.

3. GYSIE : Dankie, JJ.

4. LORRAINE : Ek beter 'n bietjie opruim hier.

JJ STOOT GYSIE SE ROLSTOEL UIT. LORRAINE SIT DIE BORDE EN  
KOPPIES OP 'N SKINKBORD EN STAP UIT.

5. MADELE : [EFFE WEG] Kyk hierdie kant toe asseblief.

6. ADELBERT : Ai, dis seker die eerste keer in jare dat 'n vrou weer vir my wil kyk.

7. MADELÉ : Oom lyk te... (te treurig.)

8. ADELBERT : Wat moet ek doen?

9. MADELÉ : Dink aan iets wat Oom gelukkig maak.

10. ADELBERT: Soos wat?

11. MADELÉ : Dink aan een van Oom se sewe vrouens... die een waarvoor Oom die liefste was.

12. ADELBERT: Hmm... nee, ek onthou nie meer sulke goed nie. Dit was seker Josie.

13. MADELÉ : Hoe het sy gelyk?

14. ADELBERT: Lang swart hare, as ek reg onthou. Haar neus was 'n bietjie krom, soos joune, met 'n kuiltjie op die punt.

FOTO WORD GENEEM

15. MADELÉ : Dis mooi. Kyk vorentoe, asseblief. Hoekom het dit nie uitgewerk nie?

16. ADELBERT: Ag... dis 'n lang storie. 'n Lieflike jong juffrou soos jy sal mos nie belangstel in 'n ou man se stories nie. Nie dat ek al heeltemal so oud is nie.

FOTO WORD GENEEM

1. MADELÉ : Wat het gebeur?
2. ADELBERT: : Ander vrouens het gebeur. Daar's net te veel skoonheid in die wêreld.
3. MADELÉ : Was Oom ontrou?
4. ADELBERT : As jy dit nou so kras wil stel...
5. MADELÉ : Maar was Oom lief vir haar?
6. ADELBERT : Natuurlik.

FOTO WORD GENEEM

7. MADELÉ : Toe Oom haar gelos het... was daar iemand anders?
8. ADELBERT : Daar was altyd iemand anders... Ek kan nie nou mooi onthou nie... maar ek onthou nog daardie laaste oggend... Sy't altyd vir my peanut butter en blaarslaai toebroodjies gemaak.... Altyd vol verrassings... Maar, shame, sy't nie geweet dat sy my nooit weer sou sien nie.

FOTO WORD GENEEM

9. MADELÉ : Lyk my oom Adelbert het 'n kleurvolle liefdeslewe agter die rug?
10. ADELBERT: So vertel hulle my.
11. MADELÉ : En Oom het dit glad nie moeilik gevind nie, al daardie leuens?
12. ADELBERT: Na 'n tyd begin die klein dingetjies ophoop, die klein leuens...
13. MADELÉ : Laat sak Oom se skouer asseblief. Ja, so.

FOTO WORD GENEEM

14. ADELBERT: Somtyds is dit net beter om iets te doen wat al die daaglikse leuens wegvee; een reusagtige ramp wat kleingeld maak van al die pynlike kleinighede... Ek wou net weer oor begin en... en...

FOTO WORD GENEEM

1. MADELÉ : Kyk op.
2. ADELBERT : Hierdie flits maak my bietjie duiselig.
3. MADELÉ : Jammer. Ek sit dit af.
4. ADELBERT : Dankie.
5. MADELÉ : [POUSE] En Oom se dogter?
6. ADELBERT : Wat se dogter?
7. MADELÉ : Het Oom nie gesê dat Josie 'n dogter gehad het nie?
8. ADELBERT : Het ek? Hoe weet jy van...? Ja... ja, sy het... Magriet... of... iets met 'n "M".
9. MADELÉ : Madelé? Miskien?
10. ADELBERT: Ja, so iets.
11. MADELÉ : Sou Oom haar ooit weer wou sien?
12. ADELBERT: Meer as enigiets... Maar ek dink dis te laat. Ek glo nie sy sou my kon vergewe nie.
13. MADELÉ : [EMOSIONEEL] Miskien moet Oom eerder self vir haar vra.
14. ADELBERT: Wie? Wat?
15. MADELÉ : Ek het nie geweet of Oom... of Pa... my sou wou sien nie...
16. ADELBERT: [POUSE.] Madelé?
17. MADELÉ : [HUIL] Ek probeer al... vir maande lank... om Pa op te spoor.
18. ADELBERT: [BARS IN TRANE UIT] Madelé...! Ag, my kind... Kom hier.
19. MADELÉ [DOOF TOT OP MIK SOOS SY HOM OMHELST] Moenie kwaad wees vir my nie.

20. ADELBERT: [HUILERIG] Hoe kon ek ooit...? Laat ek jou net vashou. [HULLE HOU MEKAAR STYF VAS]

1. MADELÉ : [INTIEM] Pa...

2. ADELBERT : [INTIEM, EMOSIONEEL] My kind... My liefste, liefste meisiekind...

3. MADELÉ : [POUSE] Ek was so bang Pa sou ontsteld wees.

4. ADELBERT : Hoe het jy my gekry?

5. MADELÉ : Ek het baie foto's geneem in al wat 'n ouetehuis is in Pretoria.

6. ADELBERT : Ai tog, my arme kindjie!

7. MADELÉ : Toe tannie Gysie gister sê Pa bly hier, kon ek dit nie glo nie. Uiteindelik!

8. ADELBERT : Wat 'n verrassing!

9. MADELÉ : Toe Ma eers begin siek word het, het ek besluit ek moet Pa probeer opspoor.

10. ADELBERT: Josie? Josie is siek?

11. MADELÉ : Sy... was.

12. ADELBERT: Is sy nou beter?

13. MADELÉ : [POUSE] Die begrafnis was verlede week.

14. ADELBERT: Nee... Ag nee!

15. MADELÉ : Ek's so jammer. Ek was te laat.

16. ADELBERT: Wat het gebeur?

17. MADELÉ : Lewerkanker.

18. ADELBERT: Maar... ek dog ek sou... ek het nie gedink ek sou nog so lank leef nie...

19. MADELÉ : Wat maker, Pa?

20. ADELBERT: Ek's 'n bietjie siek, my kind... Ek vergeet dinge... dit kom en gaan...

1. MADELÉ : Is dit hoekom Pa weggegaan het?
2. ADELBERT : Ja... Toe ek eers beseef het dat ek siek word, dat ek dinge begin vergeet... het ek gedog ek... ek beter... Ek het haar reeds soveel keer seergemaak... Ek het gedog miskien sou sy nog tyd hê om iemand anders te kry... Dit sou nie regverdig gewees het as sy my moes oppas en jammer kry nie, as ek nie eers self kon onthou wie sy was nie... Na alles wat ek aan haar gedoen het.
3. MADELÉ : Is daar nog steeds... ander vrouens?
4. ADELBERT : Nee wat. Dis maar meestal net vir die show dat ek nog so praat.  
[HARTSEER LAGGIE] Eintlik seker maar meer uit gewoonte as enigiets anders. [POUSE] Ek's al vir baie jare alleen.
5. MADELÉ : Ma was ook. Sy't nooit weer getrou nie, nooit weer verlief geraak op enigiemand anders nie. Pa was al wat sy ooit wou hê.
6. ADELBERT : So jy't nooit... 'n pa gehad nie?
7. MADELÉ : My pa was 'n goud-geraamde foto langs Ma se bed, 'n dapper man met 'n playboy snor, hande op sy heupe, wat lag vir die wêreld. 'n Man wat nooit ouer geword het nie.
8. ADELBERT : [BEGIN SNUIF, HY WIL HUIL] Ek's so jammer... Josie...
8. MADELÉ : Ten minste het ek Pa darem uiteindelik gekry.
10. ADELBERT: Kyk net vir jou Madelé... So mooi groot... En 'n student... En...'n fotograaf...  
My maggies!  
MADELÉ SE SELFOON LUI.
11. MADELÉ : Jammer, ek moet hierdie oproep neem.

1. ADELBERT : Natuurlik.

SELFOON GEANTWOORD.

2. MADELÉ : Hallo?... Ja, ek's nou daar. Wag net vir my. Sorry man, ek sal later verduidelik. Sien jou nou... Ja, ek's ook lief vir jou. Oukei, bye.

SELFOON AF

3. MADELÉ : Jammer... dis Ralph. Hy't 'n lift nodig na 'n belangrike vergadering – ek moet gaan.

4. ADELBERT : Ralph?

5. MADELÉ : Ek sal 'n ander dag van hom vertel as... as ek... as ek weer vir Pa mag kom kuier?

6. ADELBERT : My kind...

7. MADELÉ : Sal dit oukei wees?

8. ADELBERT : [HUILERIG] Natuurlik! ... Ja, ja, ja... Mône, kom sommer mône weer.

9. MADELÉ : Oukei. Ek sal by tannie Lorraine hoor wanneer julle amptelike besoekure is. Ek sou nie [SPOT STEMMETJIE] “ 'n Ontwrigting in die samelewing” wil veroorsaak nie.

10. : [HULLE ALTWEE LAG]

11. MADELÉ : Sjoë, ek het nie besef dis al so laat nie.

TOERUSTING WORD OPGEPAK ONDER VOLGENDE TWEE

SPREEKBEURTE.

12. MADELÉ : Laat ek net my goed vinnig bymekaar maak... Sê asseblief dankie en totsiens vir die ander. Ek sal julle groepfoto in 'n mooi raam sit.

13. ADELBERT: Dit sal gaaf wees.

1. MADELÉ : [DRUK ADELBERT STYF VAS, INTIEM] Pas Pa mooi op, hoor?
2. ADELBERT : [INTIEM] Ek sal. Kom gou weer. Asseblief.
3. MADELÉ : Ek belowe...[BREEK DIE OMHELINGSING] Ek moet gaan. [POUSE, DOOF WEG] Baai... Pa.
4. ADELBERT : Totsiens, my kind.  
  
MADELE STAP UIT
5. ADELBERT : [HUILERIG] Arme Josie...  
  
VOETSTAPPE. JJ STAP IN
6. JJ : [EFFE WEG] Adelbert...?
7. ADELBERT : [HUIL]
8. JJ : [DOOF TOT OP MIK] Komaan... Hei, kom nou, Bertie, dis nie nodig om 'n tjankbalie te wees nie. Wat gaan aan?
9. ADELBERT : Ek's jammer vir wat ek oor jou kinders gesê het, JJ.
10. JJ : Nee wat, jy's reg. Daardie nikswerd, ondankbare boggers. Hulle wens net ek is dood, dan kan hulle die laaste van my kleingeld kry vir 'n vakansie Thailand toe.
11. ADELBERT: Ek wou nooit enigiemand seer maak nie... Ek het net... te gereeld verlief geraak... Wanneer het dit so begin uitmekaarval?
12. JJ : Hei, ek weet nie, man.
13. ADELBERT: [POUSE] Wat het tussen ons gebeur? Het ek jou verraai toe ons jonger was? Het ek jou vrou gesteel?
14. JJ : Ja wel... so iets...



1. ADELBERT : Sê net asseblief vir my wat dit was, sodat hierdie storie tussen ons kan end kry.
2. JJ : [POUSE] Wel... jy was maar altyd 'n swierbol... Ja, ek onthou daardie Magnum-snor en jou stywe jeans. Jy't rond gepronk in jou blink hempies. Al die meisies was versot op jou.
3. ADELBERT : [MISERABEL] Ek wens nou hulle was nie.
4. JJ : Emmie wou jou nie los nie, selfs al was jy getroud met iemand anders... En ek was verlief op Emmie. Jy't haar nooit waardeer nie. Ek was seker 'n bietjie jaloers op jou. Dis al.
5. ADELBERT : Ek's so jammer, JJ.
6. JJ : Ja...
7. ADELBERT : Vergewe my tog, asseblief.
8. JJ : Ja, oukei man. Hou nou net op huil. Toe, dis orraait!
- ROLSTOEL IN.
9. GYSIE : [EFFE WEG] Is die fotograaf dan al weg?
10. ADELBERT: [MOMPEL VERWARD] Ja, dis waar, dis maar, dis haar... haarstyle... as jy net kan... hmmm... (kan net nie weet nie, nè?)
11. JJ : Hei? Al weer annie gang met jou ewige gemompel?
12. ADELBERT: [SKRIKKERIG] Wat?... Wie is julle?!
13. GYSIE : Foeitog. Hy's bang.
14. JJ : Dis oukei, Bertie.
15. GYSIE : Ons is hier.
16. ADELBERT: [HUILERIG] Ek wil huis toe gaan.

1. GYSIE : Sjiii, sjiii. Toemaar.
  2. ADELBERT : Waar's my bed?
  3. GYSIE : Dis nog te vroeg. Lorraine sal dit nie toelaat nie.
  4. JJ : As haar majesteit nie wil toelaat dat 'n man in sy eie bed mag slaap nie...
  5. LORRAINE : [EFFE WEG] JJ!
  6. JJ : O, jammer, Samajoor. Ek het jou nie gesien insluip nie.
  7. LORRAINE : Toe ek Honneurs Sielkunde geswot het aan die Universiteit van Pretoria, het Prof Immelman ons geleer 'n mens se eie bed is baie keer die veiligste plek in die wêreld.
  8. JJ : Oukei, as jy dan die expert is.
  9. ADELBERT : Wat wil julle hê?
  10. GYSIE : Kan ek help?
  11. ADELBERT: JJ?
  12. JJ : Sien julle? Hy herken my. Niemand gaan ou JJ vergeet nie. Kom, ou maat. Hy bly in my kamer, ek sal hom gaan bêre.
  13. GYSIE : Wees net geduldig met hom, JJ.
  14. JJ : Ja, ja. Gee net pad dat ons kan verby kom!
- VOETSTAPPE OP MIK. JJ LEI ADELBERT UIT DIE KAMER UIT.
15. ADELBERT: Ek's jammer, JJ. Oor Emmie...
  16. JJ : Ja wat, ou kêrel. Ek kan self ook nou nie meer so mooi onthou waarom die hele petalje gegaan het nie. Miskien was dit selfs ook 'n bietjie my fout, wie weet.
  17. ADELBERT: [POUSE] JJ, ek's bang. Ek weet nie wat aangaan nie.

1. JJ : Dis oukei. Sjjjjj. Nee wat, ou pel, JJ is hier.

DEUR OOP. VOETSTAPPE.

2. JJ : Hier's jou bed ou maat, sit bietjie en rus.

3. ADELBERT : [VERLIG] O, dankie, Dokter.

4. JJ : Dis nog nie die einde nie... Het jy genoeg komberse, hê? ... Hmm, wat van ek sit vir jou 'n plaat op? Jy sal mos daarvan hou? Ja!

JJ HAAL 'N PLAAT UIT DIE BEDKASSIE UIT

5. ADELBERT : Ek wil nie alleen wees nie, Dokter.

6. JJ : Wel, ek's hier. Jy irriteer my, moenie 'n fout maak nie, maar ek gaan nêrens heen nie. Ek het nêrens om heen te gaan nie... So selfs al stry ons, bly ek net hier. Vir Altyd. Oukei, hier gaat ons.

DOOF IN: "OLD FOLKS"

"It hurts too much to smile, it hurts too much but life goes on  
 For still another day  
 As they try to escape the old silver clock  
 When day is through  
 It tick-tocks oh so slow, it says, "Yes," it says, "No"  
 It says, "I'll wait for you."  
 The old, old silver clock that's hanging on the wall  
 That waits for us all"

**EINDE**